

Saterdag 15 Mei

Skrifgedeelte: Jeremia 26:1-24

Fokusgedeelte: Jeremia 26:6
(1983-vertaling)

Die Here soek nie vertroue in uiterlike dinge nie, maar in Homself

Baie van die volk Juda het hulle vertroue in die tempel gestel. Hulle het gedink God sal nie die vyande die stad Jerusalem laat inneem nie, want sy tempel staan in Jerusalem (vgl. Jer. 7:1-15). God is egter baie méér as die aardse simbole van sy teenwoordigheid.

Hier kom verkondig Jeremia vir 'n tweede keer (vgl. Jer. 7:1-15) dat God nié sal skroom om die stad én die tempel tot niet te maak as hulle hul nie bekeer nie. Soos God nie geskroom het om die heiligdom in Silo te laat vernietig, of die verbondsark aan die Filistyne oor te gee nie (vgl. 1 Sam. 4), so sal God weer nie skroom om sy tempel en Jerusalem te laat vernietig nie. God soek vertroue op Homself en gehoorsaamheid aan Hom, en nie vertroue op aardse simbole nie.

Vir hierdie boodskap teen die tempel en die stad, waarin God eintlik bekering bepleit, beland Jeremia diep in die moeilikheid by die geestelike leiers (vs 8, 11). Sy uitspraak teen die tempel word as ernstige lastering beskou! In plaas daarvan dat hulle na God Sélf luister, en hulle bekeer, kyk hulle steeds vas in sy simbool! Genadiglik word Jeremia se lewe gespaar.

Baie jare word Jesus ook beskuldig deur die geestelike leiers dat hy dinge teen die tempel gesê het (Matt. 26:61). Ook hulle kyk vas in die simbool, en bly ongehoorsaam aan God. Anders as Jeremia word Jesus se lewe nié gespaar nie. Hy sterf wreed aan 'n kruis om sondaars te verlos. God wil hê dat jy Hom alleen moet vertrou vir hierdie verlossing deur Jesus, en nie allerlei uiterlike dinge nie.

Sing: Psalm 146-1:2, 3

Ds. LM Floor (Marcel) (Sasolburg)